Gestremdhede (b)

Graad 4

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die geleentheid te bied om kennis te maak met verskillende soorte gestremdhede.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Drie oorsake noem wat elk van die volgende kan veroorsaak:
   - Gehoorgestremdheid.
   - Gesiggestremdheid.
   - Liggaamlike gestremdheid.
   - Verstandelike gestremdheid.
2. Drie maniere kan beskryf hoe vir persone met bogenoemde gestremdhede, in die alledaagse lewe, voorsiening gemaak kan word.
3. ‘n Manier kan beskryf hoe persone met bogenoemde gestremdhede gehelp kan word om makliker in die samelewing te funksioneer.
4. Die name ken van **drie** skole en/of opleidingsentrums vir persone met gestremdhede en beskryf vir watter soort gestremdheid hulle voorsiening maak.
5. As span deur middel van gesprek/rolspel hul optrede teenoor elk van bogenoemde gestremdhede inoefen.
6. Kan beskryf hoe persone met gestremdhede alledaagse beroepe en rolle kan vervul en ‘n manier beskryf hoe aanpassings daarvoor gemaak kan word.
7. Een manier kan noem hoe jy kan voorkom dat iemand na aan jou elk van bogenoemde gestremdhede opdoen.
8. Drie gedeeltes in die Bybel naslaan waar daar van persone met gestremdhede gepraat word.
9. ‘n Skool vir persone met gestremdhede of persone met gestremdhede tuis besoek nadat hulle ingelig is oor hulle optrede teenoor sulke persone OF persone met gestremdhede uitnooi om ‘n spanbyeenkoms by te woon en dan die nodige aanpassings maak om die persoon tydens alle spanaktiwiteite te akkommodeer.

C AANBIEDING

1. Bekom inligting by betrokke skole en ander plekke van versorging.
2. Vereistes 2 en 3. Vir hierdie twee vereistes moet die spanlede ondersoek instel na wat reeds gedoen word om die alledaagse aktiwiteite vir die persone met gestremdhede toeganklik te maak. Dit sal goed wees indien hulle ook met voorstelle tot verbetering kom.
3. Vereiste 4. Verkieslik skole in die omgewing of bereikbare en toeganklike skole vir die plaaslike gemeenskap.
4. Vereiste 5. Omdat mense ongemaklik voel in die teenwoordigheid van ‘n persone met gestremdhede, moet ons by wyse van gesprek die kind hier lei om gemaklik met die mense om te gaan en hulle laat besef dat daar steeds ‘n “mens” (meestal met ‘n gesonde verstand) agter die gestremdheid is. U kan ook die kind laat “ervaar” hoe aanpassings gemaak moet word om alledaagse aktiwiteite te doen. Byvoorbeeld deur die kind te blinddoek om blindheid te simuleer. Wys dan daarop dat alhoewel hy nie kan sien nie, al sy ander sintuie nog normaal werk en dat dit meestal sal verskerp.
5. Vereiste 6. U kan ook uitwys waarom ‘n dowe moeilik, sonder aanpassings, ‘n skakelbord sal kan beman, of ‘n rolstoelgebruiker ‘n hysbak nodig het om op hoër verdiepings te kan werk. Die kind moet die persone met gestremdhede se bates raaksien maar ook besef wat sy beperkings is.
6. Vereiste 7,8 en 9. Opdrag duidelik.